

# OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGawe OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Maandag 25 September 1978

WINDHOEK

Monday 25 September 1978

No. R.3830

## INHOUD:

## CONTENTS:

### GOEWERMENTSKENNISGEWING: Bladsy

No. AG. 59 Wysiging van Regulasies Uitgevaardig Kragtens die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960): Namas en Kleurlinge 1

### GOVERNMENT NOTICE: Page

No. AG. 59 Amendment of Regulations Made Under the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960): Nama and Coloured Persons 1

## Goewermentskennisgewing

kantoor van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika

No. AG. 59 25 September 1978

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRGATENS DIE KINDERWET, 1960 (WET 33 VAN 1960) : NAMAS EN KLEURLINGE

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 92 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

## BYLAE

Vervanging van regulasie 70 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.342 van 1977, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R.1751 van 2 September 1977

1. Regulasie 70 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.342 van 11 Maart 1977 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"70. (1) 'n Pleegouertoelae betaalbaar ingevolge regulasie 58(1)(c) word bereken op 'n bedrag wat nie 60 persent van die laagste van die gemiddelde eenheidskoste bedoel in regulasie 71 oorskry nie, of, indien daar geen kinderhuise te eniger tyd in die Gebied is nie, 'n bedrag van hoogstens R28,80 per kind per maand.

## Government Notice

office of the  
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 59 25 September 1978

AMENDMENT OF REGULATIONS MADE UNDER THE CHILDREN'S ACT, 1960 (ACT 33 OF 1960): NAMA AND COLOURED PERSONS

The Administrator-General has under section 92 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), made the regulations set out in the Schedule.

## SCHEDULE

Substitution of regulation 70 of the regulations published by Government Notice R.342 of 1977, as amended by Government Notice R.1751 of 2 September 1977

1. The following regulation is hereby substituted for regulation 70 of the regulations published by Government Notice R.342 of 11 March 1977:  
"70. (1) A foster-parent grant payable in terms of regulation 58(1)(c) shall be calculated at an amount not exceeding 60 percent of the lower of the average unit cost referred to in regulation 71, or, if no childrens' homes exist at any time in the Territory, an amount not exceeding R28,80 per child per month."

(2) 'n Hoofdelike toelae betaalbaar ingevolge regulasie 58(1)(e) ten opsigte van 'n kind wat in die sorg van 'n persoon as veiligheidsplek geplaas is, word bereken op 'n bedrag wat nie 60 persent van die laagste van die gemiddelde eenheidskoste bedoel in regulasie 71 oorskry nie, of, indien daar geen kinderhuise te eniger tyd in die Gebied is nie, 'n bedrag van hoogstens R0,95 per kind per dag."

*Vervanging van regulasie 71 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgwing R.342 van 1977, soos gewysig by Goewermentskennisgwing R.1751 van 2 September 1977*

2. Regulasie 71 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgwing R.342 van 11 Maart 1977 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

" 71. Die bedrag van 'n hoofdelike toelae betaalbaar ingevolge regulasie 58(1)(d) en (e) ten opsigte van 'n kind wat in 'n kinderhuis geplaas is, word bereken ooreenkomsdig die formula A x B, in welke formule —

A, indien daar te eniger tyd een of meer kinderhuise in die Gebied is, 'n bedrag voorstel wat nie die gemiddelde maandelikse eenheidskoste deur die Sekretaris of iemand deur hom aangewys, ten opsigte van die betrokke kinderhuis vasgestel of die gemiddelde maandelikse eenheidskoste ten opsigte van al die kinderhuise in die Gebied, aldus vasgestel na gelang van watter koste die laagste is, oorskry nie, of, indien daar te eniger tyd geen kinderhuise in die Gebied is nie, 'n bedrag voorstel wat nie R48 per kind per maand, oorskry nie, en

B, die tydperk ten opsigte waarvan die toelae betaalbaar is, voorstel."

*Vervanging van regulasie 70 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgwing R.69 van 1977, soos gewysig by Goewermentskennisgwing R.1750 van 2 September 1977*

3. Regulasie 70 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgwing R.69 van 21 Januarie 1977 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

" 70. (1) 'n Pleegouertoelae betaalbaar ingevolge regulasie 58(1)(c) word bereken op 'n bedrag wat nie 60 persent van die laagste van die gemiddelde eenheidskoste bedoel in regulasie 71 oorskry nie, of, indien daar geen kinderhuise te eniger tyd in die Gebied is nie, 'n bedrag van hoogstens R42,60 per kind per maand.

(2) 'n Hoofdelike toelae betaalbaar ingevolge regulasie 58(1)(e) ten opsigte van 'n kind wat in die

(2) The amount of a capitation grant payable in terms of regulation 58(1)(e) in respect of a child placed in the care of a person as place of safety, shall be calculated at an amount not exceeding 60 percent of the lower of the average unit cost referred to in regulation 71, or, if no childrens' homes exist at any time in the Territory, an amount not exceeding R0,95 per child per day."

*Substitution of regulation 71 of the regulations published by Government Notice R.342 of 1977, as amended by Government Notice R.1751 of 2 September 1977*

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 71 of the regulations published by Government Notice R.342 of 11 March 1978:

" 71. The amount of a capitation grant payable in terms of regulation 58(1)(d) and (e) in respect of a child placed in a children's home, shall be calculated in accordance with the formula A x B, in which formula —

A, if one or more childrens' homes exist at any time in the Territory, represents an amount not exceeding the average monthly unit cost determined by the Secretary or a person designated by him, in respect of the relevant children's home or the average monthly unit cost in respect of all the childrens' homes in the Territory, so determined, whichever is the lower, or, if no childrens' homes exist in the Territory, represents an amount not exceeding R48 per child per month, and

B, represents the period in respect of which the grant is payable.

*Substitution of regulation 70 of the regulations published by Government Notice R.69 of 1977, as amended by Government Notice R.1750 of 2 September 1977*

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 70 of the regulation published by Government Notice R.69 of 21 January 1977:

" 70. (1) A foster parent grant payable in terms of regulation 58(1)(c) shall be calculated at an amount not exceeding 60 percent of the lower of the average unit cost referred to in regulation 71, or, if no childrens' homes exist at any time in the Territory, an amount not exceeding R42,60 per child per month.

(2) The amount of a capitation grant payable in terms of regulation 58(1)(e) in respect of a child

sorg van 'n persoon as veiligheidsplek geplaas is, word bereken op 'n bedrag wat nie 60 persent van die laagste van die gemiddelde eenheidskoste bedoel in regulasie 71 oorskry nie, of, indien daar geen kinderhuise te eniger tyd in die Gebied is nie, 'n bedrag van hoogstens R1,40 per kind per dag.”.

*Vervanging van regulasie 71 van die regulasies aangekondig by Goewermentskennisgewing R.69 van 1977, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R.1750 van 2 September 1977*

4. Regulasie 71 van die regulasies aangekondig by Goewermentskennisgewing R.69 van 21 Januarie 1977 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

“ 71. Die bedrag van 'n hoofdelike toelae betaalbaar ingevolge regulasie 58(1)(d) en (e) ten opsigte van 'n kind wat in 'n kinderhuis geplaas is, word bereken ooreenkomsdig die formule A x B, in welke formule —

A, indien daar te eniger tyd een of meer kinderhuise in die Gebied is, 'n bedrag voorstel wat nie die gemiddelde maandelikse eenheidskoste deur die Sekretaris of iemand deur hom aangewys, ten opsigte van die betrokke kinderhuis vasgestel of die gemiddelde maandelikse eenheidskoste ten opsigte van al die kinderhuise in die Gebied, aldus vasgestel na gelang van watter koste die laagste is, oorskry nie, of, indien daar te eniger tyd geen kinderhuise in die Gebied is nie, 'n bedrag voorstel wat nie R71 per kind per maand, oorskry nie, en

B, die tydperk ten opsigte waarvan die toelae betaalbaar is, voorstel.”.

#### Inwerkintreding

5. Hierdie regulasies word geag op 1 Julie 1978 in werkking te getree het.

placed in the care of a person as place of safety, shall be calculated at an amount not exceeding 60 percent of the lower of the average unit cost referred to in regulation 71, or, if no childrens' homes exist at any time in the Territory, an amount not exceeding R1,40 per child per day.”.

*Substitution of regulation 71 of the regulations published by Government Notice R.69 of 1977, as amended by Government Notice R.1750 of 2 September 1977*

4. The following regulation is hereby substituted for regulation 71 published by Government Notice R.69 of 21 January 1977:

“ 71. The amount of a capitation grant payable in terms of regulation 58(1)(d) and (e) in respect of a child placed in a children's home, shall be calculated in accordance with the formula A x B, in which formula —

A, if one of more childrens' homes exist at any time in the Territory, represents an amount not exceeding the average monthly unit cost determined by the Secretary or a person designated by him, in respect of the relevant children's home or the average monthly unit cost in respect of all the children's homes in the Territory, so determined, whichever is the lower, or, if no childrens' homes exist in the Territory, represents an amount not exceeding R71 per child per month, and

B, represents the period in respect of which the grant is payable.

#### Commencement

5. These regulations shall be deemed to have come into operation on 1 July 1978.